

KKNK 2019: PROGRAMRIGLYNE

1. UITNODIGING

Alle aanbieders, vervaardigers en kunstenaars word uitgenooi om voorstelle vir moontlike insluiting by die KKNK 2019-program in te dien. Dié dokument bevat riglyne oor die inhoud wat ons vir 2019 verlang.

Kunste Onbeperk, die maatskappy wat onder meer die KKNK aanbied, se bestaansrede is die bevordering van die kunste. Dit is ons doel om Suid-Afrikaanse kunstenaars te ondersteun en om deur middel van die inhoud wat ons skep en aanbied, 'n positiewe bydrae tot die bevordering van nasionale samehorigheid en nasiebou te maak.

In 2019 vier ons 25 jaar van kunste in die Klein Karoo en ook 25 jaar van demokrasie in Suid-Afrika. Dit is 'n mylpaal jaar en ons kyk terug na 'n kwarteeu se geskiedenis maar ons kyk ook vorentoe. Vir die KKNK in 2019 is ons veral op soek na innoverende en relevante Suid-Afrikaanse werk van uitstaande gehalte, met voorkeur aan nuwe werk. Die program word saamgestel om kwaliteit aanbiedings in te sluit en beskikbare venues, skedulering, tegniese behoeftes, oorvleueling van produksies en begrotings speel 'n deurslaggewende rol in besluitneming.

Dien jou voorstel so gou moontlik, maar voor die sluitingsdatum van **Maandag, 2 Julie 2018**, aanlyn in.

2. 2019-FEESDATUMS

Die 25ste KKNK vind van Donderdag, 21 Maart tot Woensdag, 27 Maart 2019 op Oudtshoorn plaas.

3. DIEN JOU VOORSTEL AANLYN IN

Dien jou voorstel aanlyn by www.kknk.co.za in. Kontak Linda Marques, programbestuurder, by 044 203 8600 of linda@kunste.org.za indien jy hulp benodig. Wanneer 'n voorstel suksesvol ingedien is, sal jy 'n outomatiese erkenning daarvan ontvang, met die besonderhede soos dit ingedien is. As jy dit nie dadelik ontvang nie, kontak die kantoor.

4. KONTRAKTIPES

Kunste Onbeperk sluit een van die volgende kontrakte met suksesvolle voorstellers:

- a. **Foioiktrak:** Kunste Onbeperk vervaardig 'n geselekteerde aantal debuutaanbiedings. In hierdie geval dra Kunste Onbeperk die omset van die produksie en aanvaar verantwoordelikheid vir al die speelvakke. In ruil vir die belegging, verwag Kunste Onbeperk inspraak in die kreatiewe proses.
- b. **Loketbasis:** Kunste Onbeperk deel in die loketinkomste (30% van die bruto inkomste) van die aanbieding by die KKNK, maar dra geen verantwoordelikheid vir die skep van die aanbieding nie en ook nie vir die speelvak-kostes nie. Die meeste aanbiedings word op hierdie basis aanvaar.

5. SPESIFIEKE PROGRAMMERING VERLANG

Dit is vir ons belangrik om alle vervaardigers die geleentheid te bied om voorstelle in te dien en daarom rig ons hiermee 'n ope oproep aan die kunstebedryf. Alle voorstelle is welkom, maar ons stel veral in die volgende programmering belang:

5.1. Teaterprogram

a. Teater

- **Drama en komedie** (hetsy vertaal, nuutgeskep, afgestof of opgetof) is substansieel deel van die KKNK se program.
- Ons stel belang in relevante Suid-Afrikaanse stories wat ook belangrike sosiale kwessies aanspreek.
- 'n Verskeidenheid produksies word aanvaar, om 'n gesonde balans tussen nis en populêre aanbiedings te skep.
- Plekspesifieke voorstelle word ook oorweeg indien die produksie nie in 'n teater opgevoer kan word nie en 'n spesifieke venue of landskap die produksie se relevansie onderskraag.



Die KKNK is 'n projek van Kunste Onbeperk NPC

Registrasienuommers:
NPC 1995/008741/08
043-289-NPO
SARS PBO: 930008696
BTW #: 4440155481

Posadres:
Posbus 1341,
Oudtshoorn, 6620

Fisiese adres:
Die Neelsie,
Jan van Riebeeckweg 217,
Oudtshoorn
6625

Kontakbesonderhede:
Tel: (044) 203 8600
Faks: (044) 272 7773
info@kknk.co.za
www.kknk.co.za
@KKNKfees

Direksie:
Crispin Sonn (voorsitter)
Ismail Mahomed
Denver Moses
Wicus Pretorius
Colan Sylvester
Johannes van Niekerk
Hugo Theart (waarnemende uitvoerende hoof)

Beskermhere:
Patrice Motsepe
Franklin Sonn
Ton Vosloo
Christo Wiese

- Kunste Onbeperk stel ook belang in produksies wat spesifiek op familie-, jeug- en kindervermaak fokus.
- Voorkeur word aan nuutgeskrewe Suid-Afrikaanse tekste gegee.

b. Musiek

- Alle musiekgenres word oorweeg.
- Kunste Onbeperk wil belê in innoverende en weldeurdragte musiekproduksies, wat uitstaande kunstenaars inkorporeer. Programme word aangebied in 'n verskeidenheid van venues, wat wissel van intieme 100-sitplek tot opelugvenues met 'n kapasiteit van tot 5,000 mense.
- Kunste Onbeperk wil ook belê in musiekteaterproduksies wat politiese en sosiale kommentaar lewer.

c. Uitkampteater

- Kort 15 minute produksies, wat in tente op die feesterrein aangebied word. Elke produksie ontvang 'n tent (met 'n kapasiteit van 20 tot 30) vir die duur van die fees, met 'n minimum van ses vertonings per dag. Die produksie is verantwoordelik om die tent tematies aanloklik te maak en kreatiewe en direkte bemerking is belangrik.
- Voorstelle in alle genres en in alle tale word aangemoedig.
- Hierdie is 'n speelgrond vir alle kunstenaars, maar ons wil veral jong kunstenaars aanmoedig om innoverende konsepte en voorstelle in te dien.
- Sterk konsepsuele en nie-verbale voorstelle geniet voorkeur.
- Uitkampteater is reeds in 2017 uitgebrei om kinderteater te inkorporeer en vir 2019 wil ons ook 'n sterk musikale komponent tot dié inisiatief voeg. Daarom word musikante ook aangemoedig om voorstelle in te dien.
- Uitkampteater aansoeke word op loketbasis (90% van die loketinkomste aan die kunstenaars) oorweeg, met verblyf- en vervoerbydraes wat deur Kunste Onbeperk gedek word.

d. Straatteater en -kuns

- 'n Uitgebreide program word beoog in veral Baron van Reedestraat, die Kuierbuurt en ander areas tydens die fees. Ons moedig alle kunstenaars aan om voorstelle vir straatoptredes (*busking*) vir die 2018 KKNK in te dien. Ons wil ook visuele kunstenaars aanmoedig om voorstelle te stuur vir buitelug kunsinstallasies.

5.2. Ander Programmering

- Visuele Kuns:** Visuele kunsvoorleggings word met 'n aparte proses hanteer. Die tema vir Visuele Kuns en die bepalings en voorwaardes daarvoor, is teen einde Julie beskikbaar. Navrae kan gestuur word aan Lucia Boer (KKNK se kunskurator) na lucia@Kuns.za.net
- Kuierbuurt Musiekverhoë:** Populêre en kontemporêre musiek wat op gesinne gerig is, word hier aangebied. Indien jy op die Kuierbuurt se musiekverhoë wil optree, voltooi die aanlyn vorm. Ons verkies dat kunstenaars nie met *backtracks* optree nie.
- Klein Karoo Ervarings:** Voorstelle vir ervarings wat feesgangers se besoek aan die KKNK aanvul met o.a. kos- en wynproeë, werkswinkels, toere, sport en natuur-ervarings, moet aanlyn ingedien word. Voorstelle wat elemente van uitvoerende kunste insluit (musiek of ander optredes) moet as toneel of musiek voorgestel word en nie as Klein Karoo Ervarings nie.
- Gespreksreeks:** Indien jy interessante voorstelle vir gespreksreeks of –programmering of werkswinkels wat betrekking op die kunste het, stuur jou voorstelle aan Hugo Theart by hugo@kunste.org.za.

6. NAVRAE

Navrae oor dié programriglyne, of spesifieke voorstelle vir programinhoud, kan aan Hugo Theart by hugo@kunste.org.za of Linda Marques by 044 203 8600 of linda@kunste.org.za gerig word.